bester
Fruit & Nuts (Pty) Ltd

# PEKANNEUT LEWERINGSNAVRAE

1. **Waar kan ek neute lewer?**

   Hartswater depot OF Wilgenhoutsdrift inname stoor.

   N.S gradering vind plaas by die Hartswater depot.

2. **As ek neute lewer, hoe moet dit verpak word?**

   Produsente kan voorraad in losmaat lewer (m.a.w. onskoongemaakte neute) of in bulk tuff-bags of in kleiner sakke soos polyprop sakke by die Hartswater depot.

   Die Wilgenhoutsdrift inname depot kan ongelukkig net bulk tuff-bags en kleiner sakke hanteer. Bester Fruit & Nuts (BFN) kan tuff-bags voorsien.

3. **Wie betaal vir vervoer?**

   Hartswater: Produsente kan dit self lewer by die Hartswater depot OF BFN kan reël vir vervoer (geen vervoerkostes as produsent in die Vaalharts skema geleë is nie, en dit meer as 1mt op n slag lewer.

   Wilgenhoutsdrift: Produsente kan lewer by die Wilgenhoutsdrift inname stoor, waar vervoer deur BFN gereël word na Hartswater teen minimale koste.

4. **Hoe word die groottes bepaal?**

   Deur LMC masjien siwwe wat die neute in diameter klas en dan word die finale grootte van daardie klas toegeken deur 'n telling per kilogram van daardie betrokke klas.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| a. Aantal neute minder as 120 | maak | "Oversize" | of | OS |
| b. Aantal neute tussen 121 en 140 | maak | "Ekstara Large" | of | XL |
| c. Aantal neute tussen 141 en 170 | maak | "Large" | of | L |
| d. Aantal neute tussen 171 en 210 | maak | "Medium" | of | M |
| e. Aantal neute tussen 211 en 265 | maak | "Small" | of | S |

5. **Hoe werk die gradering?**

**Stap 1**: Ons trek 'n monster van die vrag om slegs die vog te bepaal. Neute word ontvang tot op 7% maar doen dan wel 'n vogaanpassing tot op 3.5%, bo 7% moet liefs op die plaas gehou word totdat dit 7% is.

**Stap 2**: Nadat vogaanpassing gemaak is, word die hele vrag geweeg vir rekord doeleindes. Let wel, dat dit nie die vergoedingsmassa is nie, aangesien daar vreemde materiaal teenwoordig kan wees.

**Stap 3**: Die vrag word dan deur die skoonmaak-lyn gestuur waarna al die vreemde materiaal, hetsy teenwoordig of afwesig, opgevang en terug op die produsent se vragmotor gelaai word.

**Stap 4**: Die neute word skoon gemaak deur outomatiese aangedrewe "Aspirator/Popper" wat al die dowwe en leë neute verwyder.

**Stap 5**: Na die bogenoemde proses word die neute volgens diameter geklas, die finale graad word op die neut-telling (count) van die klas toegeken en die produk word in bulk tuff-bags geweeg om die vergoedings massa van die skoongemaakte produk te bepaal.

**Stap 6**: Indien die produsent nie tevrede is met sy gradering nie kan hy net die verwerkingskoste betaal en sy neute kom oplaai.

## 6. Wat word afgetrek?

- Vog tot op 3.5% indien van toepassing.
- SAPPA Heffing, altyd van toepassing.
- Beskadig en gevlekte neute (word steeds aangekoop kraak mark)
- Oneetbare kern (uitgroei)

N.S die volgende word **NIE** afgetrek **NIE** (aangesien vrag op realisasie uitbetaal word)

- 0 .6% verwerkingsverlies
- Bepaalde persentasie dowwe neute
- Vreemde materiaal en geweegde sand/stof
- PPECB kostes

## 7. Word die uitbetaling baseer op die graderingsmonster of realisasie?

Ons betaal op realisasie uit. Realisasie vat bietjie langer, maar is beter. Op realisasie word die produsent se prys deur die kwaliteit van die hele vrag bepaal, dus nie op 'n aanname of op 'n gedeelte/monster van die vrag nie. Dit is n ware weerspieëling van die produsent se oes. Dus, word jy vir alles van waarde betaal.

## 8. Wanneer word betaling gedoen?

Ons het 3 betalingsopsies:

**Opsie 1:** Produsent lewer 'n vrag neute en word die opeenvolgende Vrydag betaal (maksimum 12 dae).

**Opsie 2**: Produsent lewer en kry 'n voorskot van R60, boer kan prys wanneer hy gelukkig is met die prys, agterskot word uitbetaal die opeenvolgende Vrydag nadat die boer geprys het. Prysing moet geskied voor die 31ste Augustus. (Die risikokomitee kan die persentasie van die lewering waarop die R60 betaal word wysig. Byvoorbeeld R60 op 80% van die lewering soos tans).

**Opsie 3**: Produsent lewer, maak die dollarprys of die wisselkoers vas, rente word betaal op die produsent se lewering vanaf lewering tot en met die dag wat geprys word. Prysing moet plaasvind voor, of op 31 Augustus. (Rente word bereken teen Prima minus 2).

Bester Fruit & Nuts (Pty) Ltd ● Reg no 1996/015817/07
Telephone: +27 (0)21 809 2500 ● Fax: +27 (0)86 272 7697 ● info@bester.co.za
PO Box 7329, Stellenbosch, 7599, South Africa
Director: GW Bester
www.bester.co.za

**9. Wat gebeur met neute wat minder as 55% uitkraak?**

Indien die lewering resultate gee van 'n kernpersentasie kleiner as 55%, m.a.w. die neute is nie geskik vir die indop uitvoermark nie kan ons die produsent se neute steeds koop vir ons uitkraakmark.

Vir verdere navrae rakend die verwerking en gradering van neute, kontak gerus ons Depot Bestuurder Rapie Visser: 082 948 2666.